

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Junie 2010 **Nommer 93**

INHOUDS OPGAWE

Doop en opvoeding ...1

Met trane saai vir die oes ...3

**Is die sonde (die sonde-
val) opgeneem in God se
raadsbesluit? ...4**

DOOP EN OPVOEDING

K Folkersma

Ons kinders is God se kinders, deur God aan ons sorg toevertrou. En Hy wil dat ons hulle voor Hom grootmaak en opvoed. Daarom bring ons hulle in die kerk by die doopvont.

Kruisdraers

Die eerste aspek waar die doop ons by bepaal, is dat ons kinders net soos ons in sonde ontvang en gebore is. Hulle het net soos ons die reiniging deur die bloed en die Gees van Christus nodig.

Opvoeding skep nie slegs ruimte vir en werk aan die ontplooiing van die gawes wat ons kinders van God gekry het nie. Dit sal altyd saamgaan met die stryd teen die sonde. Verbondskinders opvoed tot mense van God (2 Tim. 3: 16) beteken ook hul opvoeding tot kruisdraers, tot mense wat hul kruis by die volg van Christus blymoedig dra. Om godvresend te leer leef, moet hulle leer om met die wêreld te breek en hul ou natuur te dood.

Ons bely by die doop nie alleen die verdorwenheid van ons kinders nie, maar allereers dié van onself. Ons moet hulle opvoed tot die stryd wat ons allereers self in ons eie lewe moet voer. Dit beteken dat ons langs ons kinders staan in hulle stryd. Dat ons begrip vir en geduld met hul swakhede het. Nie om dit goed te praat nie, maar om juis saam daarteen te stry. Ons moet hulle leer om die stryd in die geloof te voer deur die navolging van Christus. En dit moet ons steeds meer laat besef hoe afhanklik ons self van die Here is. Wie weet hoe swaar die stryd is, sal slegs die oog op God rig, juis ook vir die vervulling van die opdrag om vir ons kinders die stryd te leer en hulle daarin voor te gaan.

Hoe nodig het ons die troos van die doop vir onself en ook vir die opvoeding van ons kinders!

Belyers

Die doop bepaal ons by ons eie sonde en swakheid. Maar op so 'n manier, dat ons leer vertrou op die

Here alleen. Hy sluit sy verbond met ons en ons kinders om vir ons 'n God te wees. Hy buig Hom in die doop na ons toe en beloop om alles vir ons te wees. Sondige, swak mensekinders mag vir hulself en vir hul kinders vra of God hulle in genade wil aansien. En hul mag daarby pleit op sy grondelose barmhartigheid. Hoe ryk skitter die belofte van God in die doop, die belofte in die Naam van die Drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. Die volle rykdom van die verbond van die Drie-enige God word hier na ons toegedra. En dit as pure genade.

Die doop as reinigingsbad leer ons tegelykertyd die noodsaak van die reiniging en die belofte van die reiniging raaksien. En deur dit te gaan sien, leer ons die Here dank en loof! Dit moet ook aan die kinders geleer word. Hulle moet opgevoed word tot belyers wat God se vaderlike goedheid en barmhartigheid erken en bely.

Juis daarom bid ons vir 'n Christelike en godsvresende opvoeding, vir hierdie seën wat saamkom as ons deur die Heilige Gees regeer word. Dit gaan immers oor die opgroei en toeneem in Christus. Ingeplant as rank in Christus, die ware Wynstok (Joh. 15). Dit gaan immers oor die opgroei in die genade en in die kennis van ons Here en Heiland, Jesus Christus (2 Petr. 3: 18).

Groter sorge

As kinders nie die verbond kon breek nie, sou ons ons nie hoef te bekommer oor hulle ewige toekoms nie. Maar ons weet daar is kinders van die verbond wat hulle van die Here afkeer en hul doop verag. Hoe groot is hierdie hartseer vir almal wat dit van naby beleef, ja uiteindelik 'n groot hartseer vir die hele gemeente.

Ouers sal baie klein begin word onder sulke omstandighede. Hulle voel hul onmag om hul kind met die Woord van die Here te bereik. Veral as daar skaars of heeltemal geen gesprek meer oor die Here en sy Woord moontlik is nie. Ouers kan dan baie maklik hulself begin afvra: wat het ons verkeerd gedoen? Hoe moeilik kan dit vir hulle wees om hierdie moeites oor te gee aan die Here, juis as die Here alles vir hulle is en dit hul daarom soveel hartseer veroorsaak om hul kind te sien afdwaal. Uiteindelik is dit al wat hulle kan doen,

om na die Here te vlug en hul kind aan Hom te opdra en hul hart voor Hom uit te stort. Juis nou moet ouers hul troos soek in die verbond. Die Here wil ook dan alles vir ons wees.

Wie sy kind nie meer met woorde kan bereik nie, moet deur sy voorbeeld laat sien dat ook in hierdie omstandighede die Here by ons die eerste plek inneem. Dit is die beste appél wat mens op sy afdwalende kind kan doen. En dit is die beste wat mens ook sou kon doen vir ander kinders wat 'n mens het. Hulle moet nie die slagoffers word van so 'n situasie nie.

Dit is menslik om na die stem van vlees en bloed te luister. Maar Christus sê: Wie seun of dogter bo My liefhet, is my nie waardig nie (Matt. 10: 37). Juis ter wille van 'n afdwalende kind moet ons samm met Josua bly sê: Maar ek en my huis, ons sal die Here dien (Jos. 24: 15b).

Ons moet hulle opvoed tot die stryd wat ons allereers self in ons eie lewe moet voer. Dit beteken dat ons langs ons kinders staan in hulle stryd.

En dan vind 'n mens ook troos en rus by die Here wanneer jy pleit op grond van die verbond en doop: Here, doen dit, nie omrede ons, maar vir u Naam. Dan staan die Here langs ons in ons verdriet. Hy het nog meer verdriet as ons, dat ons kind, sy kind, afdwaal en sy liefde versmaad. Dan spreek Christus se trane en klag oor Jerusalem wat Hom verwerp het, ons juis sterk aan (Matt. 23: 37; Luk. 13: 34; 19: 41). Dan kan ons na niemand beter toe gaan as na die Here nie!

Waar ons magteloos is en ons kind nie meer kan bereik nie, ja dit wat by mense onmoontlik is, is moontlik by God. Deur so te pleit leer ons ook om dit aan Hom oor te gee.

In hierdie stryd vir ons kind is ons bowenal versigtig dat ons verdriet nie tussen die Here en ons 'n skeiding bring nie. Ons leer bid: Here, heilig ons verdriet, en gee dat ons Christus bly volg en daarby ons kruis blymoedig dra. Alleen so kan 'n mens werklik leer bid en uitsien na die terugkeer van ons kind tot die Here.

Die hart van die mens soek na ewigdurende vrede en geluk. U het ons vir Uself gemaak, o Here, en ons hart bly onrustig tot die siel rus vind in U.

- Augustinus

MET TRANE SAAI VIR DIE OES

H Geertsma

Tussenstasie

As jy van iemand hou, gun jy hom of haar net die beste. Die wat in Christus sterf, is die beste af. "Hulle is in die hemel, by die Here, dit is daar beter vir hulle" is wat ons dikwels sê. Veral as iemand 'n erge lydensweg hier op aarde moes deurmaak.

Dit lyk vir my asof mense dit deurgaans as die *grootste* troos beleef: Hy/sy is nou by die Here in die hemel. Ek kom dit by myself agter dat ek tydens my begrafnis-toesprake baie aandag aan hierdie kwessie gee. Meer gereeld as aan die troos van die *opstanding*.

Dit is seker te verstane, want in-die-hemel-wees is nou, vandag. Volgens ons tydsberekening is dit baie naby: op hierdie oomblik geniet die gestorwene van die hemelse rus. En van die paradys. So dink ons vandag aan die gestorwene. En hierteenoor kom die opstanding eers later. Buitendien het ons nie 'n idee wanneer dit gaan wees nie.

Tog plaas die Kategismus die nadruk op die opstanding (Sondag 22, vraag en antwoord 57).

Die feit dat my siel dadelik na my sterwe na Christus toe gaan word eintlik maar net terloops genoem. Nie omdat dit onbelangrik is nie, intendeel, dit is van uiterste belang. Maar die opstanding is die einddoel. Ons leef daarnatoe.

Ook ons reeds gestorwe broers en susters leef na die einddoel. Die gestorwenes het ook nog verwagtings en vooruitsigte. Die lewe in die hemel is groots, iets besonder. Dit is baie, ontsettend baie, maar nie alles nie. Dit is nog 'n lewe buite die liggaam. Dit is nog nie die einddoel van ons Skepper nie. Die hemelse verblyf is nog nie 'n lewe in 'n volledig voltooide kerkhuis nie. Die "saam met al die heiliges" is nog nie voltooi nie. Dit is ook nog nie 'n lewe in 'n volledige herskape wêreld nie. Dit moet nog kom.

Die hemel is 'n tussen-stasie. 'n Tussen-stasie wat bestaan omdat daar 'n eindstasie is. As daar later

nie 'n opstanding op hierdie aarde sou wees nie, dan sou daar ook nie nou 'n opname in die hemel wees nie. Ons gaan by ons afsterwe hemel toe sodat ons later weer terug op die aarde, verder mag lewe. Vir die finale einddoel word ons bewaar. Die siel rus 'n kort tydjie by die Vader, "totdat..." (Openbaring 6:11).

As daar dus nie uitsig na 'n opstanding was nie, was daar ook geen enkel troos by die afsterwe van ons medegelowiges nie. Dan was dit oor en uit na ons afsterwe. Dan maar eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons. Laat ons dan maar vergeet van die gedagte dat jou lewe reeds nou al geraak word deur die dood. Laat ons maar vergeet van die feit dat die hele wêreldse bestaan reeds deur die dood geraak word. Maar hoe lank kan mens aan die gedagte vashou? Hoe lank kan ons vergeet en onself so probeer bluf?

Die hemel is 'n tussen-stasie. 'n Tussen-stasie wat bestaan omdat daar 'n eindstasie is.

Maar dit is nie soos God dit wil hê nie. God het - so het ek 'n slag êrens gelees - meer vir ons in die vooruitsig gestel as net 'n klein bietjie lewensvreugde te midde van die bitterheid van die dood.

God stimuleer ons nie om die gedagte van die dood in ons lewe tot 'n vae werklikheid te reduceer nie. Hy leer ons juis om met die dood rekening te hou. Hy moedig ons juis aan om die werklikheid van die dood te besef, onder oë te sien. En dan troos te vind in die evangelie van die opstanding wat Hy belowe.

Saai om te oes.

Van daardie opstanding lees ons in 1 Korintiërs 15. Daar gebruik Paulus die bekende beeld van die akker. 'n Akker waar gesaai en ook ge-oes word. Die Eersteling is al ingebring. Dit was Christus (vers 20). 'n Wonderlike Eersteling: Hy het uit eie krag van die dooie akker af gekom. En die eersteling van die oes hou altyd die belofte in: word vervolgt! Die res van die oes kom nog.

Daarom saai ons in vertroue. 'n Boer wat saai moet ook vertroue hê. Hy sien nie wat met die saadjie

God se Woord bou nie slegs in die gemeente nie, maar breek ook alles af wat nie Christus is of van Christus is nie

- JJ van der Krift

gebeur nie. Hy sien net die korrel (vers 37). 'n Onooglike dingetjie. Jy kan nie aan die saadjie sien dat daar 'n liggaam uit kan groei nie (vers 38).

Wat ons saai, het sy glans verloor. So is dit met iemand wat gesterf het. Pa kan sy mooiste pak klere aan hê en mooi opgemaak wees, maar die doodskleur lê duidelik op sy gesig. Uit daardie "saad" kan mens glad nie iets moois sien groei nie. Ons saai verganklikheid. Van die begin af was dit een en al verganklikheid. Hierdie lewe is 'n voortdurende sterwe. Ons saai in swakheid. Hoeveel het ons nie al van die swakheid gesien nie! Selfs by 'n altyd lewenslustige en gesonde sterweling. Hoe dikwels is 'n sterk groot man nie al uitgeteer deur 'n verterende siekte, totdat daar van hom feitlik niks meer oorgebly het nie. Ons saai met trane, vanweë ons swakheid. As gevolg van die verganklikheid wat met die dood beseël word.

Die Eersteling het 'n belofte nagelaat: Ons het gesaai vir die oes. God roep die gesaaide wakker.

En miskien gaan ons daarna nog "wenend langs die akker". Maar betraande oë kan ook oor grafte heen kyk. Ons het in vertrouwe gesaai. Die Eersteling het 'n belofte nagelaat: Ons het gesaai vir die oes. God roep die gesaaide wakker.

En hoe groot sal die verskil dan sigbaar wees: Ons word opgewek in onverganklikheid, want die dood sal daar nie meer wees nie. Ons word opgewek in krag, onaantasbare krag. Want siekte en moeite en watter belasting ook al - dit lê vir altyd agter ons. En daar is krag om God te dien, soos wat ons dit nog altyd graag wou gedoen het, want die sonde maak ons nie meer swak nie. En die glans van God se heerlijkheid is vir altyd sigbaar oor ons lewe.

Groot en duidelik sal die verskil sigbaar wees, maar ook groot en duidelik sal die ooreenkomste sigbaar wees. Want dit is nog steeds dieselfde persoon. Dieselfde persoon wat ons in die graf neergelê het. Herkenbaar. Miskien sal jy nog weet of dit jou pa of man was. Maar op daardie moment is hy jou broeder in Christus, en dit is dan oorgenoeg.

So sal ons altyd by die Here wees (1Thes 4:17). Saam met al die heiliges.

IS DIE SONDE (DIE SONDE-VAL) OPGENEEM IN GOD SE RAADS-BESLUIT?

M. J. Arntzen

Die vraag wat in die opskrif gestel word, is nie so maklik om te beantwoord nie. Ons is geneig om 'Ja' daarop te sê: God se raad behels immers alle dinge. Hy werk alles volgens die raad van sy wil (Efes. 1: 11). Maar ons moet dit ook met versigtigheid benader. Sekerlik: God het nie net die sonde toegelaat nie; dit was ook sy vaste en wyse besluit dat die sonde in die wêreld gekom het.

Dit beteken intussen glad nie, dat die Allerhoogste in enige opsig deur die sonde bevlek is nie, of dat Hy die outeur (d.i. die Bewerker of Voorloper) van die sonde sou wees nie. Dit sou godslasterlik wees om so te dink. God is lig en geen duisternis is in Hom nie (1 Joh. 1:5). Hy is te rein van oë om die kwaad aan te sien (Hab. 1: 13). In die slotwoord van die Dordse Leerreëls word die gedagte dat God die outeur van die sonde sou wees, van harte en met afsku verwerp.

Sulke kettery, wat die bron van die sonde in God self soek, was daar wel aan die rand van die kerk gewees. Byvoorbeeld by Jakob Böhme (1575–1624) en by F.W.J. Schelling (1775-1854). Volgens hulle sou daar in God 'n donker diepte wees. En daaruit sou mens die sonde moet verklaar. Dit is natuurlik afskuwelik om so iets te veronderstel.

In reaksie daarop mag ons natuurlik nie in die ander uiterste verval nie. Asof die sonde geheel en al buite God sou omgaan. Asof die sonde eintlik 'n mag is wat God self ook nie kan hanteer nie, met eerbied gesê. Dit is in stryd met God se soewereiniteit en almag. God haat die sonde met heel sy heilige Wese. En tog lei en stuur die Here die sonde so, dat dit ondanks haarself lei tot die verheerliking van

Wie oor "foute" praat in plaas van "sonde", hy sondig

- O Jager

God se naam en tot heil van sy volk.

In 'n bekende gedeelte van sy Institusie skryf Calvyn oor God se werksaamheid by die kwaad (Inst. II,4,2). As voorbeeld noem hy die lyding van Job. Sowel die Satan as die mens, asook God self het die hand in hierdie vreeslike lyding, as Job van al sy besittings beroof word. Maar, so het Calvyn betoog, sowel die doel as die werkwyse is anders. Die Here wil sy kneg deur hierdie lyding beproef, maar die Satan wil hom daardeur tot wanhoop bring. Die Here laat dan ook die Satan toe om Job te pla. En so word die bose opset van Satan en die vyandige mense duidelik.

In 'n volgende paragraaf (II,4,3) bestry Calvyn Augustinus, waar hy, as dit gaan oor die verharding en verblindings van die goddelose, maar net wou praat oor 'n voorwetenskap van God. Met 'n beroep op Deut. 2: 29,30 (waar dit gaan oor Sihon, koning van Hesbon) wys Calvyn daarop dat God wel deeglik self die hart van hierdie koning verhard het, sodat hy in die hande van die Israëliete oorgelewer sou word. Hier is dus nie net sprake van 'n voorkennis nie : God het die verharding beraam en bewerk, sonder dat die Here self in enige opsig deur die kwade besoedel is.

Al moes Calvyn op 'n sekere punt teen Augustinus ingaan, kan ons onself weer baie goed met die volgende uitspraak van Augustinus vereenselwig: "God se werk is so groot, dat op wonderlike en onuitspreeklike wyse selfs dit wat teen sy wil geskied, nie buiten sy wil om geskied nie."

Uit die Woord

Wat sê die Bybel dan oor hierdie dinge?

Ons kan lang nie alle tekste noem, wat hier van belang is nie. Maar ons wil tog wys op 'n paar opmerkbare plekke in die Bybel, sowel in die Ou as in die Nuwe Testament.

Allereers 1 Samuel 2:25. Daar lees ons dat Hofni en Pinehas nie na die waarskuwings van hul vader geluister het nie, want die Here wou hulle ombring. So is dus die ongehoorsaamheid en brutale goddeloosheid van Eli se seuns God se besluit. God is nie 'n sadis, wat onskuldige mense wat dit nie kan help, die dood in jaag nie. Hofni en

Pinehas was losbandige mense, wat hulle nie aan God of mense gesteur het, en ten volle die verantwoordelikheid vir hulle eie kwaad gedra het. Maar ons lees in hierdie verband verder, dat God op hierdie wyse ook deur sonde en afval heen, die weg baan na 'n betroubare priester, uiteindelik na ons barmhartige Hoëpriester Christus Jesus.

In 1 Konings 12:14 staan dat die dwaasheid en sondigheid van Rehabeam, om nie na die raad van die oudstes te luister nie, 'n beskikking van die Here was. Natuurlik het die dwaasheid nie behoort aan die alwyse God nie. Rehabeam is volkome verantwoordelik vir sy eie foute.

God het dit egter so bestuur, dat die huis van Salomo vir die afgodery wat hy bedryf het, gestraf sou word. Daarby het God ook die sonde en dwaasheid van Rehabeam gebruik. Maar die feit bly staan: Daar is nie 'n sweempie van goddeloosheid by God nie. Gelukkig dat God dit nog so bestuur het dat daar in Juda 'n lig bly brand. Want ten slotte sou die groot koning wat ons deur sy Woord en Gees regeer, uit die stam van Juda gebore word. In sy aanbiddelike soewereiniteit gebruik God Rehabeam se sonde vir sy heilige doel.

God haat die sonde met heel sy heilige Wese. En tog lei en stuur die Here die sonde so, dat dit lei tot verheerliking van Sy Naam en tot heil van sy volk.

'n Baie kras uitspraak vind ons in 1 Konings 22:20-22. Daar staan geskryf dat die Here self 'n leuengees sal laat uitgaan om Agab te verlei. Dit wil hier voorkom asof God opdrag tot die sonde gee en dit bewerk. Maar: die oordeel kom oor Agab. Daarom word hy verhard en verblind. Daarom moet die leuengees sy werk doen. Hierdie leuen is glad nie uit God nie. Hy is waaragtig en die waarheid self. Op God se heilige gewaad mag geen enkele smet gewerp word nie. In sy soewereine welbehag stuur en lei God die sonde so, dat sy oordeel oor Agab se sonde uitgevoer word en dat Israel deur die oordeel heen uiteindelik bewaar word.

So is daar ook in die Nuwe Testament tekste wat wys op die God se soewereine almag oor die sonde.

If you are not as close to God as you used to be, you do not have to guess who moved

Volgens Romeine 9:17 het God die goddelose Farao laat optree. God het Hom die mag gegee waarmee hy Israel verdruk het. So heers God se bestuur en raad oor alles: ook oor die sonde en die verharding van Farao. Intussen sê S. Greijdanus in sy kommentaar tereg dat God Farao nie die mag gegee het om dit te misbruik nie. Maar ondanks alles is, deur die sonde en verharding heen, God se naam bekend gemaak oor die hele aarde. So gebruik en bestuur God dus die sonde van die goddelose om tot sy doel te kom: die verheerliking van sy Naam en die verlossing van sy volk.

Die vreeslike sonde, dat hulle hul aan God se eie Seun vergryp het en Hom oorgelewer het, het God nie net vantevore geweet nie, maar dit was ook na sy raad en wil.

Dit blyk ook baie duidelik uit Handeling 2:23. Daar staan nie net dat Jesus na die voorkennis van God, maar na die bepaalde raad en voorkennis oorgelewer is. Die vreeslike sonde, dat hulle hul aan God se eie Seun vergryp het en Hom oorgelewer het, het God nie net vantevore geweet nie, maar dit was ook na sy raad en wil, soos dit eintlik in die Grieks opgeteken staan. Seker, God het die sonde gehaat en ook hierdie skandelike oortreding van moord op die Verlosser van die wêreld. En tog het God dit alles so gelei, ook hierdie gruwelike sonde. So het Jesus die Lam van God geword, wat die sonde van die wêreld wegneem.

Tenslotte

As ons alles oorweeg, moet ons erken dat God se oordeel 'n diepe afgrond is. Ons kan nie alles verstaan nie. Maar deur die sondeval en deur al die sonde en afval heen lei God ons na sy ewige ryk. Daar sal geen sonde meer wees nie. God is dan alles in almal. So is God se raad vir ons nie te deurgrond nie, maar wel om te aanbid.

Wanneer daar vandag gekla word dat die kerk nie meer aantrekkingskrag op hulle wat buite staan uitoefen nie, dan kan daar gevra word of die gemeenskap van die heiliges wel op die regte wyse deur die kerk beoefen word.

- L Floor